

Liewe Soteria Familie – Gemeente.

Ek het hierdie brief in Julie 2005 met die planting van Soteria geskryf en het gedink dis gepas om dit weer te kommunikeer en daarom in Afrikaans.

Die liggaam van Christus - Kerk of Gemeente?

Maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir SY EIE OPBOUING IN LIEFDE.

Efesiërs 4:15-16

Wat beteken Kerk?

Die woord “kerk” kom van die Griekse woord *kuriakon*, wat letterlik *dit wat aan die Here behoort* beteken. Hierdie woord word egter nêrens in die Nuwe testament gebruik nie! Die woord wat as “kerk” vertaal word in die Nuwe Testament is *ekklesia*, en beteken letterlik *vergadering of gemeente*. Die basis van die woord beteken *om uitgeroep te wees vir dienswerk*. Dit het niks te doen met geboue, dienste of professionele predikers nie. Dit is nie verkeerd om van al hierdie uiterlike dinge gebruik te maak nie, maar in wese is dit nie gemeente-wees nie!

Die konsep *ekklesia* dui in sy wese verhouding en aktiewe deelname aan! Jy is gemeente omdat jy uitgeroep is om te funksioneer in die koninkryk van die Here.

Jou hele lewe is gemeentelewe.

Die gemeente is mense wat in verhouding met God getree het en as gevolg daarvan ook in verhouding met mekaar staan. ***Die gemeente is dus die vergadering of gemeenskap van gelowiges wat in verhouding met mekaar funksioneer in alle lewenssituasies.*** ‘n Liggaam is ‘n wese waarvan al die lede in ‘n spesifieke verhouding en praktiese werking teenoor mekaar staan, anders is dit net ‘n versameling van organe met geen geheelfunksionering nie. God het ‘n dinamiese, lewende organisme in gedagte wat groei, beweeg, vermeerder en in alle opsigte normaal sal funksioneer.

Die Woord sê in I Korinthiërs 4:6 dat ons nie moet dink bo dit wat geskrywe staan nie. Ons moet begin dink oor gemeentewees soos die Here daarvoor dink en van ou verkeerde denkwyses en konsepte ontslae raak. Solank as wat ons “gemeente” verkeerd definieer, sal ons altyd sukkel om ten volle familie te wees. Ons sal ook sukkel om die grense van gemeentelewe in ons lewe te bepaal, watter prioriteit dit in ons lewe moet hê en hoeveel tyd ons daaraan moet afstaan.

Gemeentewees is dus die wese en spil waarom alles op aarde draai, en waarin al die oplossings vir alle probleme op aarde ingebou is. Eers wanneer ‘n persoon gemeentelewe ontdek sal alle aspekte van sy lewe ten volle uitgesorteer raak. ***Gemeentelewe behels in wese dus ‘n nuwe lewenswyse en ‘n nuwe kultuur, omdat jy ontdek het dat jy tot ‘n nuwe ras behoort.*** Die gemeente is nie net soseer die byeenkoms op ‘n Sondag nie, maar wel alle situasies waar kinders van die Here hulleself bevind.

Ons sien dus dat gemeentelewe allesoorheersend in die kind van die Here se lewe is. Jy het die gemeente nodig om die Here te leer ken, jy het die gemeente nodig om jou lewe uit te sorteer, jy het die gemeente nodig om gemeentelewe te beleef, jy het die gemeente nodig om jou te ondersteun en te bemoedig in jou lewenswandel, en jy het iemand uit die gemeente nodig om in die huwelik mee te tree!

Wat jou lewe op aarde betref, begin en eindig alles by die gemeente. Die gemeente is mense wat in die praktyk in verhouding met God en mekaar staan. As enkelopende persoon moet jy in die gemeente leer om jou prioriteite uit te sorteer en om in verhouding met mense te staan voordat jy in die huwelik tree. **As gemeentelewe nie suksesvol in jou lewe is nie, sal die res van jou lewe ook nie suksesvol wees nie!**

Gemeentelewe begin in die huis!

Die mees primêre gemeente is die gesin. Die globale gemeente in die stad bestaan eintlik uit 'n klomp klein gesinsselle. Indien die gesinne in wese gesond is en reg funksioneer, sal die globale gemeente in die stad ook gesond wees. Die gesin is die primêre plek waar mense moet leer om in verhouding met mekaar te staan en mekaar te begin dien en bedien. Dit is waarom gemeentelewe sentraal in die gesin staan en vanuit die huise kom.

Almal betrokke. As ons weer kan kyk na ons bostaande skrifgedeelte, sal ons sien dat niemand ooit suksesvol gemeente kan wees sonder ander Christene nie!

Wat is die grootste rede waarom die “kerk” of liggaam nie effektief is nie? Kom ons illustreer dit deur 'n voorbeeld. In die meeste motoronderdele besighede is daar genoeg onderdele vir seker minstens tien motors. Die enigste probleem wat die eienaar het, is die feit dat hy, as hy vanaand huis toe wil gaan, nie 'n enkele meter met daardie onderdele kan ry nie! Al die onderdele is daar en hulle is netjies op die rakke uitgepak en op die rekenaar gelys. Die onderdele is egter waardeloos solank as wat hulle nie in VERHOUDING tot mekaar staan nie. Enige lid of ledemaat van die menslike liggaam is nutteloos as dit nie aangeheg is en in verhouding staan met die res van die menslike liggaam nie. Dit is dus belangrik dat ons almal betrokke sal raak en 'n **onderlinge netwerk van verhoudings** sal vorm wat ons vennootskap (liggaam) noem.

Dit is die hartklop, die roeping, en die salwing wat God op Soteria geplaas het.

Bless you,

STEPHEN